

Sondag 3 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 8:1-6; HK Sondag 9, Antwoord 26

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 8:6

God is die almagtige Vader van die skepping

Die gelowige kan nie anders nie as om bly te wees dat sy God en Vader die almagtige Skepper van hemel en aarde is. Hy is dankbaar en getroos om te weet dat die *oorsprong* van alle dinge nie by die mens of in evolusie of elders gesoek moet word nie, maar by God sy Vader aan Wie hy deur die geloof verbonde is. Juis die skepping van alle dinge toon aan hom dat sy Vader die Almagtige is.

Jesaja (40:27) besing die almag van God as Skepper soos volg: “*Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? y wat die hemelse leër laat uittrek in volle getal, dit is Hy wat elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie.*” Ook Paulus verwys na die almag van ons Vader as hy sê: “*Nogtans is daar vir ons net een God: die Vader uit wie alles is*” (1 Kor. 8:6).

God se grootheid en almag as Skepper kom veral daarin na vore dat Hy alles uit niks geskep het. Hy is nie soos ’n mens wat van bestaande materiaal afhanklik is om iets tot stand te bring nie. God skep ’n ganse wêreld met alles daarin uit niks. Daarom kan ons met dankbaarheid en blydschap juig oor die almagsdade van ons hemelse Vader en sê: Daar is geen ander aanvaarbare verklaring vir die ontstaan en bestaan van alle dinge nie as die Vader uit Wie alles is. Hy het die onoorsienbare oseane tot stand gebring. Hy het die see en die strome, die aarde en die lug laat wemel met lewende wesens van die mees uiteenlopende aard en karakter. Hy het die biljoene sterre en planete tot stand gebring bloot deur te praat.

God se mag gaan egter nie net oor die groot dinge nie, maar ook oor dinge wat vir ons klein en nietig lyk. Hy bepaal ook die paaie van die voëls en die visse en die wurms. Hy stuur ’n vis om Jona in te sluk (Jona 1). Hy stuur die kraaie om vir Elia kos te bring (1 Kon. 17:6). Hy stuur ’n wurm om die plant wat aan Jona skaduwee verskaf het, af te vreet (Jona 4). Hy sorg dat geen mossie teen sy wil op die grond val nie (Matt. 10:29). Hy sorg dat daar nie eers ’n haar van ons koppe val sonder sy wil nie (Luk. 21:18).

Werklik, groot en klein is in die hande van die almagtige God wat Skepper en Onderhouer van alles is en wat om Christus ontwil ons God en Vader is. Dié wete moet rus en kalmte in my gemoed bring, want Ek weet dat God nooit die werk van sy hande laat vaar nie (Ps. 138:8). Wat Hy begin het, sal Hy voltooi (Fil. 1:6) – ook in my lewe.